



GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 2/19
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa. **Internet:** www.kaap-voc.org. **E-pos/E-mail:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Algemene Jaarvergadering, 2019.

Ons bedank graag almal, lede en nie-lede wat op 24 April ons 25ste Algemene Jaarvergadering bygewoon het. Belangrike besluite is geneem, onder andere om vir die eerste keer in 'n dekade ons jaarlikse ledegeld te verhoog. Die nuwe bedrag is R150 per persoon. Die bestaande bestuurskomitee is weer herkies. Die saak van die veroudering van die komitee, wat uiteindelik die einde van Stigting VOC sal beteken, is lank bespreek. SASNEV het toestemming gegee dat ons SASNEV in Pinelands as ons tuisadres of *domicilium* op ons grondwet mag aangee. Ons is veel dank aan SASNEV verskuldig, ook vir akkommodasie en tegniese dienste. Verskeie nuwe bewaringsprojekte word aangepak, en dit is duidelik dat ons 'n baie besige jaar beleef. Die demonstrasie van ons nuwe bygewerkte webwerf het groot byval gevind.



Foto's: Rudolf Rode

Verbeterde webwerf.

Deur ons webwerf te besoek kan die publiek sien wie Stigting VOC is, waarvandaan ons kom en wat ons suksesse en oogmerke is. Besoek <https://www.voc-kaap.org/> en klik op 'Stigting VOC': 'n skildery van *Noord-Nieuwland* verskyn, met 'n rooi-wit-blou lint daaroor, en bo die lint is die hofies 'Oor ons, Nuus, Nuusbrieve, Kalender, Projekte, Medaljes, Kontak,' wat aandui wat u onder elkeen sal vind.

† Trijnje Schutte-de Haan.

Mev. Trijnje Schutte-de Haan, eggenoot van ons vriend, ere-lid en wenner van ons Silwer Medalje, Prof. Gerrit Schutte is onverwags oorlede. Ons het ons innige simpatie aan hom en sy gesin bekend gemaak. Onderstaande brief van hom het ons in April 2019 bereik.

Na het overlijden van onze geliefde vrouw,
moeder en grootmoeder

Trijnje Schutte-de Haan

hebben velen ons gecondoleerd, hun dankbaarheid en waardering geuit voor wat zij voor hen heeft betekend. Wij danken u allen voor dit liefdevolle medeleven, troostrijk in ons onverwacht verlies.

In deze dagen steunen en sterken ons dichtregels, die wij graag met U willen delen.

In Trijnje's Poëziealbum vonden wij regels ontleend aan Psalm 23, eind augustus 1948 met onvaste hand daarin geschreven door haar Omoe voor haar achtjarige kleindochter

Lieve Trijntje

*Uw leidsman uw
Herder
Uw stok en uw staf
Zij nu en zij verder
Tot over het graf
De Heere daar
boven
Hij zij u nabij
Doe dankbaar u
loven
En sta aan uw zij*

'Ter aandenken aan Uw Lievhebende
Grootmoeder G. IJlstra-Bulthuis'
(14.1.1875-15.3.1951)

De Stellenbosche dichteres Lina Spies dichtte, met verwijzing naar Jesaja 6,

Aanbidding

*Noudat elke jaar
die sterfaar van 'n geliefde is
en onontkoombaar
die wete van ons eindigheid,
staan ek voor God se troon
terwyl die some van sy kleed
die aarde vul
en wat ek daarvan sien
is net 'n vuurhoutjie se gloed.*


*Swygend voor die misterie van lewe en dood
Lê ek my laaste sekerhede af
En weet getroos dat mens
Net stamelend van Hom kan praat:
Hy is die Skepper van die heelal*

(in Duskant die Einders, 2004)

Namens ons allen G.J. Schutte
Zeewolde, april 2019


Lesing: Martiens van Bart - *Kaapstad se historiese waterbronne*.

As gevolg van oorbevolking en klimaatsverandering is Kaapstad se natuurlike waterbronne onder druk, en die stadsbestuur sal goed moet beplan en optree om in toekomstige behoeftes te voorsien. Aan die begin was dit anders; net die inheemse nomadiese herders het seisoenaal in en om die Tafelvallei laat wei. Toe die VOC se taakspan in 1652 opdaag om die maritieme diensstasie op te rig, was Van Riebeeck reeds ingelig oor die tipografiese uitleg van die omgewing; deur verkennings het hy meer kennis bekom. Europese skipper was van vroeg af bewus van die standhoudende varswaterrivier wat teen die noordelike hang van Tafelberg na die strandgebied gevloeи het. Van Riebeeck het die name Varsche Rivier en Soete Rivier daaraan gegee.



Fort en tuin, c. 1654

KAAP VAN SLAWE



M. van Bart : Kaap van slawe

Sonder drinkwater vir die mense en leiwater vir die beoogde groentetuine sou geen nedersetting of skeepsbediening moontlik wees nie. Die plasing van die Fort de Goede Hoop naas die Varsche Rivier was van strategiese belang: Die water is in 'n grag om die fort gekanaliseer vir bykomende beveiliging. En toe die kommandeur die omgewing begin ondersoek na hulpbronne, was die beskikbaarheid van water vir diere en landerye van kardinale belang. Hy teken in die *Daghregister* aan dat hul aankoms in April in die droë seisoen was, en beskryf hoe vele rivierlope droog was. Maar daar was nogtans oorgenoeg standhoudende riviere wat die vestiging van die VOC se nedersetting 'n volstrekte moontlikheid gemaak het.

In die komende lesing '*Kaapse Waterbronne in die VOC-era*' bespreek Marthinus van Bart, afgetrede joernalis, kultuurspesialis en wenner van ons Silwer Medalje vir bewaringsjoernalistiek in 2006, die haas onuitputlike waterbronne van die Skiereiland en omgewing wat Van Riebeeck hier aangetref, gekarteer en waarvolgens hy die vestiging van die Kaapse nedersetting beplan het. Hierdie inligting weeg hy op teen die afgelope 'Dag Zero- droogteveldtog' van die DA-regeerde Stad Kaapstad, en vertel hoedat dié ingrypende waterbesparingsmaatreëls daartoe gelei het dat 'n nuwe "water-industrie" ter waarde van miljarde Rande tot stand gekom het. Sy lesing word met vele illustrasies toegelig.

Wanneer? Saterdag, 13 Julie 2019

Hoe laat? 10:30

Waar? Huis der Nederlanden, Sentral-Plein, Pinelands

Martiens laat weet ook dat hy nog 'n paar eksemplare van sy (opspraakwakkende) boek '*Kaap van Slawe: die Britse Slawebdryf, van Elizabeth I tot Alfred Milner*' beskikbaar het. Dit is die heel laaste pakkie van die oplaag van 2000 boeke; daarna is die boek uit druk en onverkrygbaar. Dit is dus 'n laaste kans om 'n ondertekende, eietydse, Africana-boek te bekom. Die prys is steeds R600 kontant.

Ook, teen dieselfde prys, het hy keramiek-replika's van die RNG-embleme vir historiese geboue beskikbaar, as goeie plaasvervanger vir gesteelde oorspronklikes. Hy skryf dat bewaringsmense landswyd nou kennis daarvan neem en bestellings kom vinnig in.

Byna 200 000 Euro vir 'n goue VOC-munt.



Foto: *Historiek*, 21.5. 2019.

'n VOC- muntstuk uit 1728 is die afgelope week vir die bedrag van 196 800 Euro opgeveil. Volgens die afslaersfirma Heritage Auctions Europe in IJsselstein is dit die grootste bedrag wat ooit in Nederland vir 'n muntstuk betaal is. Die betrokke muntstuk is 'n goue eksemplaar van die bekende Wesfriese dukaton, algemeen bekend as 'n 'zilveren rijder' as gevolg van die ridder te perd op die keersy. Ons ken hulle veral uit VOC-skeepswrakke, en hulle is deurgaans in silwer geslaan. Die betrokke muntstuk is 'n proefmunt, in goud geslaan. Dit is 'n tyd gelede door 'n gesin van De Bilt, in die omgewing van Utrecht, in 'n juwelekissie gevind tydens 'n opruimproses.

Die Kompanjie het volgens sy oktrooi die reg gehad om munte te slaan en uit te gee, maar het nie dikwels van die reg gebruik gemaak nie. VOC-munte is in verskillende provinsies geslaan, soos in Holland (Dordrecht), Utrecht (Utrecht), Zeeland (Middelburg), Gelderland (Harderwijk), Overijssel (Kampen) en Wes-Friesland (Hoorn). Daarna is hulle uitgevoer na 'India', dit is die VOC se totale talassokrasie buite Nederland, wat die Kaap insluit. Welgestelde versamelaars of hoogwaardigheidsbekleërs het soms goue eksemplare van die munte bestel, maar dit het ook selde gebeur en dié goue dukaton is seldsaam. Met die Euro meer as R16 werd is die muntstuk se verkoopprys ten minste R3 200 000; met die goudprys wat vandag (25 Mei) op R 1376 per ons staan, wonder ek hoeveel van die bedrag betaal is vir die goud en hoeveel vir die VOC-logo daarop.

[*Historiek*, 21.5. 2019.]

Gantouwpas:



Foto's: Rudolf Rode




Hierdie foto's is aan die bopunt van die Gantouw-pas geneem. Dit was die Koina se gewone pad oor die berg en van ongeveer 1670 af die VOC se enigste trekpad na die land van die Chainouqua en Hessequa om vee te ruil. Die pas se helling is steil, soos u kan sien. Waens wat berg-op moet gaan is uitmekaar gehaal en die stukke is op die rûe van slawe en osse tot bo gedra; dié werk was een van

buitepos Hottentots-Holland se vaste funksies. Berg-af is die waens met toue teengehou en die remblokke is vasgedraai, met die gevolg dat die ysterbande groewe in die rotse geskuur het, soos hier na 350 jaar nog te sien is; die veel makliker en langer Sir Lowry'spas is in die tyd van goewerneur Lowry Cole (1828-1833) gebou.

Op die eerste foto is die seinkanon te sien; die seiner was ook die Kompanjie se padbouer (o.a. die voorvader van die Langenhoven-familie in S.A.) wat daar 'n huis gehad het, die tweede kyk bergaf oor die Kaapse Vlakte en die Valsbaaise kus. Op die tweede en derde is die waspore in die rotse te sien. Dit is VOC-erfenis.

Gesprek met Stad Kaapstad.

Twee van ons komiteelede het op 14 Mei 'n uur lank met Raadslid Simon Liell-Cock van die Stadsraad in sy kantoor gepraat. Ons het die Stigting en ons webwerf aan hom bekend gestel, gesê dat ons graag betrekkinge met die Stad wil herstel tot die goeie voet waarop dit vroeër was, en gepraat oor die toestand van die Kasteel, die Woltemade-standbeeld, ons voorgestelde - en aanvaarde - straatname wat later deur burgemeester De Lille verwerp is, ensovoort. Ons glo sy houding was positief, simpatiek en entoesiasties. Hy het aantekening van alles gemaak en voorgestel dat ons met Cape Town Heritage Trust saamwerk, veral aan hul 'Ou Kuslyn'-projek, waarvolgens merkers langs die oorspronklike Tafelbaaise kuslyn geplaas word. Hy het ons ook genooi om die Stad te nader met enige bewaringswerk wat ons binne die stadsgrense wil onderneem. Later het ons aan hom voorbeeldige verskaf van die Kaapstadse Munisipaliteit se deelname aan die onderhoud van die Kasteel in die goue ou dae (1926). Lees hieronder.



Foto's: Jean Sleigh

Kerksilwer en houtskoene.

Ons ondersoek van die VOC se kerklike dokumente in die Kerkargief op Stellenbosch op 4 Mei is uit alle oorde beskryf as besonder interessant. Die VOC-dokumente by WKARD in Roelandstraat is deur UNESCO tot 'Geheue van die Wêreld' verklaar – maar wat van dié wat op Stellenbosch is? Ons lid Jolanda Hogg het begin ondersoek instel en kon uitvind dat die op Stellenbosch nie by UNESCO se verklaring ingesluit is nie. Dit is baie jammer; die ondersoek gaan voort en ons sal kyk hoe ons die situasie kan regstel. Dit sal op die volgende komiteevergadering bespreek word. Op onderstaande fragment van die Kerkraad se notule uit 1670 word 'n opgaaf van die kerk se silwerware gegee:




Foto: NG Kerkargief.

Transskripsie: '17. Silverwerck f279: - : gemaect van den armen penningen en gebruijckt werdende bij de kerck onder de uijtreijckinge van't h:(-eiligen) avontmael en de bedieninge des doops, bestaande uijt

1 schotel	{	
2 commen	}	wegende 73½ Rixdaelders
2 taeffelborden en	{	Zwaerte costende met maekloon
2 beekers	}	238:10: -
een ongeformeerden silver clomp zynnde 't overschot en wegende 27 loot, getaxeert op		40:10:-

Getref deur die naamwoord *clomp* (omdat 'klomp' in die volksmond gewoonlik as adjektief na 'n veelvoud van dinge verwys), noem ek dit teenoor ons lid Linda Rode, en dit is wat gebeur:

“Ongeformeerden *clomp*,’ antwoord sy sonder blik of bloos, “kom uit Psalm 139 in *De Statenbijbel*, vers 16: ‘Uw ogen hebben ²⁶mijn ongeformeerden *klomp* gezien; en ²⁷al deze dingen ²⁸waren in Uw boek geschreven, de dagen als zij geformeerd zouden worden, ²⁹toen nog geen van die was.’ ’n Verduideliking van die teksvers daarby, lui: ‘[...] ²⁶mijn ongevormde substantie, klonter of embryo.’

“Was die skriba van die kerkraad dalk die predikant self?” vra ek. ‘Hy moes daardie psalm uit sy kop geken het.”

“Ek reken jou skriba kon gewoon ’n klerk van die Kompanjie gewees het,” antwoord Linda. “Kyk hoeveel verder terug lê die woord se spoor: In *WikiWoordenboek* vind ek die vlg. i.v.m. *klomp*: *In de betekenis van “kluit”, “klont” voor het eerst aangetroffen in 1377.*

Dit word ondersteun deur die vlg. uit [etymologiebank.nl](#): M. Philippa, F. Debrabandere, A. Quak, T. Schoonheim en N. van der Sijs (2003-2009) *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands*, 4 delen, Amsterdam: **klomp** zn. ‘grote vormeloze massa, homp; houten schoen’

Mnl. *clomp* ‘homp metaal’ in (hier in Franse context) *de fondre le clomp de le huerclocke* ‘voor het smelten van de klomp (metaal) voor de bel van het uurwerk’ [1377; MNW]; vnnl. *clompe* ‘houten schoen’ [1567; Nomenclator], *doorgaans gink het Volk met klompen* ‘... liep het gewone volk op klompen’ [1654; WNT].

Mnd. *klumpe*, *kломpe* ‘homp; houten schoen’ (door ontlening nhd. *Klumpen*); ofri. *klumpa* ‘homp, kluit’; < pgm. **klumpa-*, *klumpō-*. Daarnaast oe. *clympre* ‘homp’

(me. *clompe* o.i.v. mnd./mnl., ne. *clump*) < pgm. **klumprijō-*, wrsch.bij een bn. **klump-ra-* ‘homp-’. Met een andere labiaal bovendien on. *klumba*, *klubba* ‘knuppel, knots’ (zie -

club; nzw.*klubba* ‘knuppel, knots’) en nfri. *klobbe* ‘klomp, stuk’ < pgm. **klubba*-.

Misschien behoren deze woorden ablautend bij → **klamp**. Het betekenisverband is echter onduidelijk. De oorspr. betekenis is ‘vormeloze massa, homp’.

De betekenisoverdracht op *klomp* ‘houten schoen,’ is te verklaren uit het houten blok waaruit deze wordt vervaardigd.’



“Ter afsluiting.” skryf Linda: “Skielik val dit my te binne: Die mens begin met **klomp** (“ongevormde klomp”) en eindig met ‘die *kluit*klap op die kis.’ Die WAT het ook talle goeie voorbeeld van *klomp* in die betekenis van “klont” – bv. *aardklomp* (-kluit). Ander voorbeeld is van metaal, ondermeer goud.”

Wel, vriende, daar het julle dit. Nou weet ons.

VOC-boeke.

Marion Peters: *In steen geschreven*.

In steen geschreven is ’n opname van die honderde grafstene van VOC-personeel, hulle vrouens en kinders uit die sestiende en sewentiende eeu wat in die verwaarloosde kerkhawe op die Coromandelkus (ooskus) van Indië lê, waar vroeër handelsstasies van die Kompanjie was. Daar is grafstene van goewerneurs, sekundes, koopmanne (ook opper- en onder-) boekhouers, predikante, fiskale independent, pakhuisbase, militêre en see-offisiere - die totale koloniale hierargie. Die skrywer het moeite gedoen om iets oor die lewe van elkeen uit die Kompanjie se argiewe op te diep. Baie van die sterftes val saam met aangetekende siekte-epidemies. Opvallend is die aantal vrouens wat in hul eerste kraambed gesterf het. Al staan die name in steen geskrywe, sal die stene mettertyd verdwyn, want daar is nie belangstelling in hul bewaring nie en die geografeerde oppervlak maak hulle gewild as wasklippe in Indiese huishoudings. Die talle uitstekende swart-wit foto’s van grafstene deur Ferry André de la Porte wat die teks vergesel, is in die Rijksmuseum se versameling opgeneem.[M. Peters: *In steen geschreven. Leven en sterven van VOC-dienaren op den Cust van Coromandel in India*. Amsterdam, 2002. 282 bladsye, naamregister, illustrasies. Prys: ongeveer R800.]



Foto's: Jean Sleigh

Jaap R. Bruijn: *Schippers van de VOC*.

Prof. Bruijn is 'n VOC-kenner en algemeen bekend as mede-redakteur van die gesaghebbende driedelige *Dutch-Asiatic Shipping*. Die teks van *Schippers van de VOC in de Achttiende eeuw aan de wal en op zee* gaan oor die lewens van skippers, huis aan wal sowel as buitengaats, oor hul ervaring, skoling, eksaminering, aanstelling (ja, hulle het betaal vir die poste), hul range, soldye, inkomste uit privaathandel, hul persoonlikhede en gedrag, loopbane en hul lewens na aftrede of ontslag. Dit is interessante leesstof en ook 'n waardevolle naslaanbron. [Jaap R. Bruijn: *Schippers van de VOC in de Achttiende eeuw aan de wal en op zee*. De Bataafsche Leeuw. Amsterdam, 2008. 283 bladsye, naamregister, illustrasies. Prys 15 Euro, sonder versendkoste.]

Uitstappies.

Ons eerste van die jaar was na die Kerkargief op Stellenbosch, op Saterdag, 4 Mei. Vorentoe beplan ons een na Tuan Yussuf se *kramat* by Makassar, een na Babylonstoren en een na Kersefontein langs die Bergvryer in die blomtyd. Meer inligting volg.

Seinkanon op strand by Scheveningen.

'n Alarmstelsel wat seinkanonne gebruik is nie uniek aan die Kaap onder die VOC nie. Hierdie Sweedse sesonder het op die strand by Scheveningen in Nederland oopgespoel en is die oorblyfsel van 'n stelsel wat moes waarsku teen landings op die Nederlandse kus tydens die Vierde See-oorlog teen Engeland (1780-1784).



Foto: Historiek, 19.3. 2019

Verjong ons bestuur.

Dit is hoogs nodig dat ons Stigting se bestuurskomitee vernuwe en verjong word, sodat ons Stigting nie oor 'n jaar of twee tot niet gaan nie, maar vir nog lank die belangrike en al meer nodige take kan uitvoer van Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme ten opsigte van die Pionierstyd van dié land se koloniale geskiedenis. Min ander organisasies verrig dié funksie, en regeringsinstansies is of onbeholpe of stel geen belang nie. Wat is nodig? Ondernemingsgees. Entoesiasme. Toewyding.

Kamer Antwerpen uitstappie: Een vierdaagse ontdekkingstocht in het roemrijke Holland van de Gouden Eeuw.

'Rond het IJsselmeer, de vroegere Zuiderzee, ligt een snoer van oude handelssteden, waarvan de meesten in de 14de en 15de eeuw tevens deel uitmaakten van het Handelsverbond der Hanzesteden. Dit verbond strekte zich uit van de Oostzee met Lubeck, Riga, Dantzig tot Brugge en Londen. De Zuiderzee lag hier precies in het midden. Zonder overdrijving kan men zeggen dat dit gebied de kern betekende en de basis was van het rijke Europa dat we vandaag kennen.'

De schoonheid en authenticiteit van het landschap en vele dorpen en stadjes is gebleven. Men proeft er als het ware de oude sferen van de voorbije tijden, de trotse 17de en 18de eeuw. Dat ook vele Vlamingen na de woelige en dramatische 16de-eeuw er een stempel opdrukten, is vandaag vergeten. Hun belangrijke rol worden opnieuw in herinnering gebracht.'

*Besoek hierdie skakel vir meer inligting: <https://voockamerantwerpen.be/voc-kalender/vierdaagse-naar-de-roemrike-zuiderzeestadjes-17-tot-20-september-2019/> Mense, ek wens ons kon saamgaan!

Behouwde vaert / Selamat jalan

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies